# Gebruik jou tong reg

## Wat doen jou kind nou?

Kry die vraag gereeld, ek vra jou.  (doen goed, praat positief, weet nie waar is hy nie)
Wie is ons, ons is kinders van God.   As iemand dit vir die Here moet vra.
Wat sal God antwoord?

Laas week geleer.   Jy leer jou kind praat en leer hulle jou maniere.  Jy wil hê kind moet soos jy wees, of nie doen wat jy gedoen het nie.
Daarom wedergebore,  goed verkeerd geleer in die wereld, weer kind word, Koninkryk van God is juis vir sulke mense.  Nuwe taal leer en nuwe maniere leer.
God se taal en God se Maniere.  **God se praat**

Wat is die belangrikste wat jy jou kind moet leer.   Leer Hom om die stem van God te ken.  Almal kan die Here HOOR.  2 ore.  Buite oor en binne oor.   God van binne af met jou.  Pasop  jy praat ook en dit is ‘n harde stem en jy glo jouself.

Wat wil God hê jy moet wees, wat verwag van sy kinders?   doen?

**1Kor 14:1 Lê julle toe op die liefde. Bly egter ook entoesiasties oor die gawes van die Gees, veral oor die gawe om te profeteer. 3 Maar as jy profeteer, bou jou woorde mense op en bemoedig en vertroos hulle.**

**1Cor 14:1-3  Love should be the goal of your life, but you should also want to have the gifts that come from the Spirit. And the gift you should want most is to be able to prophesy.  (3)  But those who prophesy are speaking to people. <u>They help people grow stronger in faith, and they give encouragement and comfort.</u>**

Wat doen kind van God. 1 Liefde is sy doel.  2. Die Heilige Gees werk deur hom, hy laat dit toe, wil dit hê.  3. Bou mense op,  Bemoedig mense,  vertroos mense.

Dit is wat profesie is.  As iemand met ‘n woord na jou toe kom en bou jou nie op nie, bemoedig jou nie en vertroos nie.  Is dit nie profesie nie.  Dit is wat die Bybel sê

God kan vermaan, aanspreek.  waarsku,  maar dit is nie profesie nie.
Hoe praat ek as kind van God, my kwaad, bitterheid, my seer.  Of dit wat God sê

Eerste keer lees van ‘n profeet.  Leer die bybel ons.

**Gen 20:7  Gee nou die vrou terug aan haar man. Hy is 'n profeet. Hy sal vir jou bid dat jy kan bly lewe. Maar as jy haar nie terug gee nie, moet jy weet jy sal beslis sterf, jy en almal wat by jou is."**

Abraham is genoem vriend van God.  Het God gehoor.  Here het met hom gepraat.
Hy geloof gehad.  Iemand wat oorlog gaan maak het om sy neffie vrou en kinders te red.
Hy het mense opgebou, vir hulle gebid.
Koning sy vrou gevat.  God het ingetree.  Abraham, veroordeel nie, haat en spreek dood oor hom nie.
Luister vir die Here en gaan bid vir die koning.
**Encourage   Om moed in te sit.   Bemoedig**
**Discourage   Om moed uit te haal  te  Ontmoedig**

Ons almal kan.
**1Kor 14:31  Julle kan almal profeteer, maar een vir een, sodat almal daaruit kan leer en almal bemoedig kan word.**

As God dit sê, dan is dit die waarheid.  Begeer dit, streef daarna, ons almal kan.
Dit is wat Hy wil hê, Sy kinders moet doen.  Jy skep geloof in ander, jy bid vir ander.
**Num 11(29…… Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy sy Gees op almal mag lê."**
Hoekom, want die hele volk negatief, mismoedig.  Profeteer, sê wat God sê, nie negatief nie.
God bou mense op.
Jy dit al baie gedoen.   Mense moet in gepraat.  Vir hulle gebid.  Skrif gee
Dink doen ek die regte ding.  Jy is op die regte pad, dit is juis omdat jy God lief het en mense lief het.
Jy hoor die Here praat, Jy wil verandering sien, beleef.
Doel is:  Mense, God sal hoor en nie die duiwel sal hoor nie.

**Droom**, pastoor, moedeloos en huil in my skoot.  In Droom, sê hy, hoe gaan ek dit kan hoe doen ek dit., onthou jy het 10 talente ons ander net 2.   Daar die man so bemoedig.  Want dit is wat hy die laaste tyd met die hom self praat.
Voel dit is n antwoord van die Here.  **bevestiging**

Skep ‘n beeld en roep goed
Wat is die beeld wat God wil hê jy moet skep?  Wat moet jy nader roep in jou lewe?

Moenie jou woorde onderskat nie, al luister ander nie.  Die geeste luister.
Jy luister en glo jouself.  Engel van die Here by jou, hoor wat God sê, begin dit doen
Profetiese woord is;  God se plan, God se leiding,  dit is nie jou plan nie.

**Deur 1:21-33  Kyk, die Here julle God stel die land tot julle beskikking. Trek in, neem dit in besit soos die Here die God van julle voorvaders julle beloof het. Moenie bang wees nie, moenie huiwer nie.'  (22)  Julle almal het toe na my toe gekom en gevra ons moet manne voor ons uit stuur dat hulle die land vir ons kan verken en ons kan kom inlig oor die pad wat ons moet vat en oor die stede waarheen ons op pad is.  (23)  Ek het gedink dis 'n goeie plan en ek het twaalf man uit julle gekies, een uit elke stam.  (24) Hulle het die Bergwêreld ingegaan en by die Eskolvallei gekom en dit verken.  (25) Hulle het van die vrugte van die land na ons toe gebring en vir ons kom sê: 'Die Here ons God gee ons 'n goeie land.'  (26)  Maar julle wou nie optrek nie. Julle het julle verset teen die opdrag van die Here julle God.  (27)  Julle het in julle tente bly sit en mor, en julle het gesê: 'Omdat die Here ons haat, het Hy ons uit. Egipte laat trek om ons aan die Amoriete oor te gee sodat hulle ons kan uitroei.  (28)  Waarheen kan ons nou gaan? Ons broers het <u>ons moed gebreek</u> toe hulle gesê het: Daar woon 'n volk wat groter en sterker is as ons. Hulle het groot stede en sterk, hoë vestings. Ons het ook die Enakiete, die reuse, daar gesien.'  (29)  Toe het ek vir julle gesê: <u>'Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie.</u>  (30)  Die Here julle God gaan voor julle uit en Hy sal vir julle veg net soos Hy in Egipte voor julle eie oë alles vir julle gedoen het.  (31)  Julle het in die woestyn ondervind hoe die Here julle God julle die hele pad waarlangs julle tot hier toe gekom het, gedra het soos 'n man sy seun dra.'  (32)  Maar tog het julle nie julle vertroue gestel in die Here julle God  (33)  wat op die pad voor julle vooruit gegaan het om kampplekke vir julle uit te soek nie. Snags het Hy vir julle julle pad met vuur aangewys en bedags met 'n wolkkolom.**

God het beloftes vir jou.  Moenie eie planne maak nie.  Doen wat die Here sê.
Moenie na jouself luister nie.  Moenie dat mense jou moed breek nie.  Luister jy vir die Here.  God kan ‘n profetiese woord vir jou gee, in jou werk.  Maar omdat jy nie doen wat God sê nie, gebeur dit nie.  Neem die land in besit.
Jy moet ‘n woord van die Here hê, en daarop reageer, geloof aksie hê.
Duiwel teen oorgestelde van God.
God opbou, bemoedig en vetroos
Duiwel  afbreuk, moed breuk en groot hartseer in jou lewe hê
Duiwel gaan probeer keer dat jy God se woord hoor, as hoor, **dan weg redeneer.**

**Here met my gepraat:**  Elkeen van ons beleef die wereld, op jou pad in die lewe.
Maar jy kan profeteer oor daar die probleem.  Wat profeteer jy.
Het jy by God gehoor en gesê wat God sê?

Voorbeeld 1 **Jesus en dissipels ook die lewe beleef. Op hulle pad**

**Mark 11:20-24 Toe hulle die volgende môre vroeg by die vyeboom verbygaan, sien hulle dat hy tot in sy wortels verdroog is. (21) Gedagtig aan wat Jesus gesê het, sê Petrus vir Hom: "Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog." (22) Jesus sê toe vir hulle: "Julle moet geloof in God hê! (23) Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: 'Lig jou op en val in die see,' en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur. (24) Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.**
**1Sa 17:32-33 "'n Mens moenie oor hóm moedeloos word nie," sê Dawid toe vir Saul. "Ek sal gaan en teen hierdie Filistyn veg." (33) Maar Saul sê vir Dawid: "Jy kan nie teen hierdie Filistyn gaan veg nie, want jy is jonk en hy 'n vegter van kindsbeen af."**

Voorbeeld 2 Oorlog wat opbou, werk, huwelik, siekte ens
Wat profeteer jy oor die Goliat in jou lewe. Profeteer wat jy sien, of dink en wil jy dit hê? Profeteer jy wat jy by God hoor

**1Sam 17:32-33 "'n Mens moenie oor hóm moedeloos word nie," sê Dawid toe vir Saul. "Ek sal gaan en teen hierdie Filistyn veg." (33) Maar Saul sê vir Dawid: "Jy kan nie teen hierdie Filistyn gaan veg nie, want jy is jonk en hy 'n vegter van kindsbeen af."**

**1Sam 17:37 Verder het Dawid gesê: "Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hý sal my red uit die mag van hierdie Filistyn." Toe sê Saul vir Dawid: "Gaan, en mag die Here by jou wees."**

**1Sam 17:45-47 Maar Dawid sê vir die Filistyn: "Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het. (46) Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan en jou kop van jou lyf afkap. Dan sal ek vandag nog die lyke van die Filistynse laer vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee, sodat die hele wêreld kan besef dat Israel 'n God het. (47) Dan sal hierdie hele skare besef dat die Here nie deur swaard of spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die Here behoort en dat Hy julle in ons mag oorgee.**